# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (19/10)

*Justin Chadwick (14 Mei 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK *"Do not wait to strike till the iron is hot; but make it hot by striking."* ***William Butler Yeats***

## TRANSNET STAKING

Dinsdagaande gaan roei ek en John Edmonds gewoonlik in die Durban Hawe en normaalweg is daar 'n klomp geraas en bedrywighede van die houer-terminaal en ander kaai-fasiliteite – om nie eens te praat van die gevaar om deur 'n sleepboot, op sy pad om 'n skip te gaan haal, omgery te word nie (dit lyk of sleepboot operateurs nie van branderski roeiers hou nie). Hierdie Dinsdag was dinge anders – die hawe was doodstil met geen beweging van bote in die hawe, aangesien dit die tweede dag van die Transnet staking was. Volgens die jongste nuus is die aanduiding dat die staking nie gou gaan eindig nie – sommige voorspel 'n moontlike twee weke voor 'n skikking bereik sal word, ander sê dat dit teen die einde van die naweek verby sal wees. Dit is slegte tydsberekening want die sitrusbedryf se uitvoerprogram het sopas begin en uitvoerders wil voordeel uit die venstergeleentheid tussen die noordelike- en suidelike halfrond se seisoene trek. Dit lyk asof daar genoegsame kapasiteit in die koelkamers tot die naweek is, maar as die staking volgende week voortgaan, gaan die hawe vol raak en vrugte gaan begin om op te hoop. Maputo is 'n alternatief en een skip vir die Noordwes Kontinent is reeds daarheen ontbied. Hopelik sal die partye mekaar vind en aktiwiteite sal sonder teveel vertragings, na normaal terugkeer.

## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Die volgende CMF gaan op **DONDERDAG 27 MEI 2010** om **10:00** gehou word. Die vergadering gaan by die gewone plek (Willow Park Konferensiesentrum) plaasvind – pendelbussies is vanaf OR Tambo Lughawe beskikbaar (reëlings moet vooraf getref word). **Die kennisgewing en agenda vir die vergadering is uitgestuur.** CMF vergaderings is oop vir alle CMF lede – alle lede van die FPEF en CGA is lede van die CMF omdat hulle ledegeld as heffings aan hierdie organisasies betaal. PPECB en DAFF is ook lede omdat hul insette by die vergaderings lewer. Alle ander suider-Afrikaanse belanghebbendes word aangemoedig om aan te sluit deur die R3 000 ledegeld te betaal. Dit word aangewend om inligting te verskaf en vir vergaderingskostes. Alle lede het toegang tot die CMF se webtuiste wat aan hulle die nuutste statistieke ten opsigte van verpakking en verskeping verskaf, asook ander belangrike inligting wat met sitrusuitvoere verband hou.

## GLOBALE SITRUSKONFERENSIE (GCC)

Hierdie week word **Jose Antonio Garcia** as 'n spreker by die GCC (8 en 9 Julie in Kaapstad, meer inligting op www.gcc.co.za ) bekend gestel. Jose is in beheer van Ailimpo – die organisasie wat die belange van Spaanse suurlemoene en pomelo's verteenwoordig. Jose was baie instrumenteel in die ontwikkeling van die globale sitrusnetwerk. Die lede van hierdie netwerk vergader onder die sambreel van SHAFFE en FRESHFEL en ruil belangrike globale sitrusdata en inligting uit. Hierdie inligting word dan aan alle globale sitrus rolspelers deur middel van die media beskikbaar gestel. Die konsep van "coopetition" – dit is om ter gelyke tyd te kompeteer en saam te werk – sal die onderwerp van Jose se aanbieding wees.

## VERENIGDE ARABIES EMIRATE (V.A.E.)

Daar is bepaal dat die plae wat van belang vir die VAE is, nie met sitrus in suider-Afrika geassosieer is nie. As gevolg hiervan hoef daar nie 'n spesifieke verklaring op die fitosanitere sertifikate vir hierdie mark te wees nie.

## GEPAK EN VERSKEEP

'n Definisie vir die woord vlugtige is "onstabiel of wissel dikwels tussen uiterste hoogtes en laagtes". Dit is hoe baie van die uitvoerders die sitrusmarkte op die oomblik ervaar. Kom ons hoop dat ons meer uiterste hoogtes as laagtes sal beleef. 'n Mens moet versigitg wees om net na persentasies te kyk – alhoewel die uitvoere van **pomelo's** na Rusland 'n toename van 17% tot 42% toon, is die werklike aantal kartonne baie dieselfde (jaar tot op datum: 150 000 kartonne laas jaar, 130 000 hierdie jaar). Reën het beteken dat gepakte en verskeepte syfers minder as verlede jaar is. Van die 2.2m kartonne pomelo's wat tot op datum gepak is, is 1.8m Star Ruby. By die laaste vergadering van die Pomelo Fokusgroep het hulle die voorspelling met 100 000 kartonne afwaarts aangepas (so ook die Nawel- en die Sagte Sitrus Fokusgroep). **Suurlemoenuitvoere** na die Midde-Ooste (44% 2010; 47% 2009) en Rusland (2010 18%; 2009 14%) volg die trant van laas jaar terwyl uitvoere na die Verre Ooste (2009 18%; 2010 8%) afgeneem het. **Satsumas** wat reeds gepak is, het 1.827m kartonne gehaal wat raak aan die oorspronklike 1.88m skatting. Sagte sitrus uitvoere na die VK het afgeneem vanaf 66% jaar tot op datum laas jaar tot hierdie jaar se 47%. Rusland het vanaf 6% tot 17% toegeneem.

| Tot Week 18<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2008 | 2009 | 2010 | 2009 | 2010 | 2010 | 2010 | 2009 | 2009 |
| Pomelo's | - | 2.8m | 2.2m | 0.9m | 0.3m | 12.6m | 12.5m | 14.2m | 13.7m |
| Sagte Sitrus | - | 1.8m | 2.4m | 1.3m | 1.6m | 7.4m | 7.4m | 6.8m | 6m |
| Suurlemoene | 0.01m | 1.8m | 2.5m | 1.1m | 1.1m | 9m | 9m | 8.7m | 7.7m |
| Nawels | 0.02m | 0.5m | 1m | 0.09m | 0.1m | 21.5m | 21.4m | 19.4m | 19.1m |
| Valencias | 0.01m | 0.02m | 0.01m | 0.01m | 0.01m | 41.3m | 41.3m | 38.5m | 35.3m |
| | 0.04m | 6.92m | 8.11m | 3.4m | 3.11m | 91.8m | 91.6m | 87.6m | 81.8m |

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**